

Die lewende dooies

Die lewende dooies

Dié wat na haar luister, besef nie dat die dood self daar wag nie., dat dié wat hulle deur haar laat nooi het, klaar diep in die doderyk s nie (Spreuke 9:17 – 18).

Spreuke leer ons dat geregtigheid lewe bring en boosheid lei na die dood. Baie van die gedrag wat Spreuke voorstel – die huwelik, werk en omsigtigheid – gaan gepaard met ‘n langer lewe. *Luister, my seun, en aanvaar wat ek jou sê; dit sal jou lewensjare baie maak (Spreuke 4:10).* Gewoonlik verwys “lewe” en “dood” nie na die lengte nie, mar na die gehalte van jou lewensjare. Soms verwys ‘om te lewe” na liefdevolle verhoudings (15:27) of na die sielkundige welstand van ‘n *kalm gemoed (14:30)*. Soms verwys dit na die geestelike lewe wat gemeenskap met God beteken (21:21.)

Om nie waarlik te lewe nie is om die gebied van die dood te betree selfs voordat jou fisiese lewe op aarde beëindig word. Om te leef sonder God met toenemende geestelike blindheid, broosheid en hardheid is om ‘n geestelike lyk te wees. Dwaasheid se gaste woon diep in die gebied van die dood. *Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe (Deuteronomium 30:19)*. Besef jy dat om Bybelse wysheid te hê, ‘n saak van lewe of dood is.

Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes, wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is (Efesiërs 2:1). Om hierdie rede word ek nie moedeloos nie Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe (2 Korintiërs 4:16). Ek moet altyd onthou wat ware lewe en ware dood is, veral as ek voor die onvermydelike uitdagings soos

siekte, besering en ouderdom te staan kom.